



Bulletjierugby – Gedragskode

Gedragskodes word gebruik om al die betrokkenes by die sport – afrigters, ouers en toeskouers – bewus te maak daarvan dat die Bulletjierugby geadministreer, georganiseer en aangebied moet word as `n spel wat tot die voordeel van jong kinders wat daaraan wil deelneem, sal strek.

Gedragskode vir toeskouers:

Onthou dat spelers deelneem aan `n georganiseerde sport. Hulle is nie miniatuur Springbokke nie. Toeskouers se gedrag moet altyd `n positiewe voorbeeld stel en waardig wees. Moenie vloek of kru taal gebruik nie, veral nie om afrigters en skeidsregters te beledig nie. Geen aggresiewe gedrag sal toegelaat word nie. Gee erkenning aan goeie spel van jou eie span, asook aan die ander span se goeie spel. Betoon respek aan jou span se opponente. Enige geweld op en van die veld moet altyd ten sterkste afgekeur word.

Gedragskode vir spelers:

Speel sodat jy die spel geniet, nie om jou ouers of die afrigter gelukkig te maak nie. Speel altyd volgens die reëls van die spel. Moet nooit besluite van die skeidsregter bevraagteken nie. Gee die kaptein of afrigter geleentheid om vrae te vra. Wees altyd `n goeie sportman. Gee erkenning vir goeie spel van jou spanmaats, maar ook vir die span teen wie jy speel. Behandel alle spelers presies net soos jy wil hê hulle moet jou behandel. Moenie ander spelers onregverdig behandel nie, of hulle boelie of terg nie. Onthou die doel van die spel is dat jy dit moet geniet vaardighede moet ontwikkel en goed sal voel.

Gedragskode vir ouers:

Moenie u kind dwing om Bulletjierugby te speel as hy nie wil nie. Onthou, die kind moet die spel geniet, nie die ouer nie. Moedig u kind aan om volgens die reëls van die spel te speel. Leer u kind dat om jou beste te lewer net so belangrik is as om te wen, sodoende leer hulle om die eindtellings van wedstryde sonder te veel telleurstelling te aanvaar. Leer jou kind dat om `n wedstryd te verloor ook voordele kan inhou: jy weet jy moet verbeter en dit leer jou goeie sportmangees. Moet nooit `n speler verneder deur op hom te skree as hy `n fout begaan of as die span die wedstryd verloor nie. Onthou dat `n kind die beste leer deur voorbeelde na te volg. Moet nooit die skeidsregter se oordeel of integriteit in die openbaar bevraagteken nie. Hierdie mense gee hulle waardevolle tyd en insette om spelers af te rig. Ondersteun asseblief alle pogings om verbale en fisiese geweld van die Bulletjierugby af weg te hou. Erken die waarde en belangrikheid van vrywillige afrigters en skeidsregters. Hulle gee hulle tyd en kennis om hierdie spelertjies te leer en te vorm vir die toekoms. Gee altyd erkenning as `n goeie wedstryd gespeel is, maak nie saak wie die wedstryd gewen of verloor het nie.

Gedragkode vir afrigters:

Onthou dat `n speler sy afrigter moet respekteer. Moedig `n kind altyd aan as hy dit verdien en stel `n goeie voorbeeld. Afrigters mag nooit op `n speler skree nie, of `n speler slaan of aanraak nie (bv. om hom fisies van `n onkant posisie weg te vat gedurende wedstryde nie). Hou altyd die kind se beskikbare tyd, energie en entoesiasme in gedagte as jy standarde stel. Onthou dat hulle ook aan ander aktiwiteite deelneem en genoeg tyd daarvoor moet hê. Leer die spelers dat die reëls van die spel vir alle spelers geld en dat die reëls nie gebuig of gebreek mag word nie. Gee al die spelers `n regverdige kans om vir die span te speel. Gemiddelde swak spelers het ook `n behoefte om deel te neem en verdien dieselfde geleenthede. Onthou dat kinders vir die pret van die spel speel. Moenie `n leerder verneder deur op hom te skree of opmerkings te maak as hy `n fout begaan het of `n wedstryd verloor het nie. Leer jou spelers om respek te hê vir hulle opponente, die besluite van skeidsregters en vir die afrigters van ander spanne. Volg die dokter se voorskrifte as daar besluit word om `n speler in `n span in te sluit na `n besering.